Kennisgewing van Omgewingsmagtigingsproses

VOORGESTELDE MARIENE TELEKOMMUNIKASIESTELSEL (ACE KABELSTELSEL) WAT GELAND GAAN WORD BY VAN RIEBEECKSTRAND OP DIE WESKUS VAN SUID-AFRIKA

Kennis word hiermee gegee, in terme van die OIS Regulasies wat gepubliseer is onder die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet Nr. 107 van 1998) (NEMA), (soos gewysig) van MTN (Pty) Ltd (MTN) se intensies om ’n ondersese telekommunikasiekabel, bekend as die ACE Kabelstelsel, te installeer om Suid-Afrika, die Weskus van Afrika en Europa met belangrike internasionale telekommunikasiemiddelpunte in Europa te verbind. As die aangewese Landingsvennoot van die ACE Kabelstelsel in Suid-Afrika sal MTN ook poog om plaaslike landingspermitte te verkry om die ACE Kabelstelsel te land naby Van Riebeeckstrand.. MTN het die vereiste lisensies om hierdie stelsel in Suid-Afrika te bedryf.

Omgewingsimpakbepalingspraktisyn: **ACER (Africa) Environmental Consultants**

Ligging van die Projek

Die voorgestelde ACE Kabelstelsel sal naby Van Riebeeckstrand geland word en die kabel sal eindig by die MTN Duynefontein Kabellandingstasie.

Omgewingsmagtiging

In terme van die gewysigde OIS Regulasies, wat gepubliseer is onder die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet Nr. 107 van 1998) (NEMA), soos gewysig, vereis die voorgestelde ontwikkeling van die ACE Kabelstelsel omgewingsmagtiging via die onderneming van ’n Omgewingsimpakstudie (OIS) vir t ’n aantal gelyste aktiwiteite naamlik:

Gelyste Aktiwiteite	
Kennisgewing 1: No. R. 983 van Desember 2014	Aktiwiteite 17,18 en 19
Kennisgewing 2: No. R. 984 van Desember 2014	Aktiwiteite 10,14 en 26
Kennisgewing 3: No. R. 985 van Desember 2014	Aktiwiteite 12 en 15

Op grond van die huidige OIS - regulasies is die nasionale Departement van Omgewingsake (DOS) die bevoegde owerheid vir die uitreiking van omgewingsmagtiging vir hierdie voorgestelde ontwikkeling. Indien ’n Watergebruikslisensie vereis sou word, sal ’n aansoek ingedien word by die Departement van Water en Sanitasie in terme van Hoofstuk 4 van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet 36 van 1998), veral Artikel 40(4). Daar word verwag dat hierdie proses teen Julie 2017 voltooi sal word.

Uitnodiging om Deel te Neem

Belanghebbendes en Geaffekteerde Partye word versoek om by ACER te registreer en hulle kommentaar te verskaf. ’n Agtergrondsinligting en Kennisgewing Brief, insluitend ’n Registrasie- en Kommentaarblad, kan van die Openbare Deelnamekantoor bekom word.

Vir verdere inligting, kontak asseblief:
Charlene Weber of Giles Churchill
Posbus 503, Mtunzini, 3867
Tel: 035 340 2715; Faks: 035 340 2232
E-pos: ace-cable@acerafrica.co.za

acer AFRICA